Geliefde Lourensrivierder

Met Goeie Vrydag & Paassondag om die draai deel ek iets moois met julle....

Fragment vir Paasfees:
Toe dit aand geword het staan Maria nog by die kruis. Die smart het haar verdwaasd en rou gelaat.
Om haar skouers voel sy die sterk jong arms van Johannes. Sy voel die bloed in sy spiere klop en ’n rilling wat af en toe ruk deur sy lyf.

Die man wat aan die hout hang met Sy verminkte en deurboorde lyf is nie langer haar seun nie. Wanneer hulle die kruis laat sak, stamp dit met ’n dowwe slag teen die grond. Maar die pyn voel Hy nie meer nie. Die hout kraak knarsend as hulle die spykers uit Sy hande en voete haal. Uiteindelik kan sy Hom in haar arms hou, die aanmekaargekoekte hare wegvee van Sy voorkop … Sy gesig, van die vuishoue opgeswel en bebloed, kan sy skaars herken. Sy glasige oë is leeg.

As hulle Hom wegdra, hang een arm styf weg van Sy lyf. Huiwerend laat sy haar hand gaan oor die repe vleis en bloed wat hard geword het op Sy rug.
By die graf was sy die bloed sorgvuldig af − soveel bloed, wat saam met die water wegvloei in die grond. Versigtig, asof die gemartelde liggaam nog kan voel, vryf sy die salf met haar hande in en draai die doeke om die swaar, strak ledemate, weerloos soos dié van ’n kind. En na hulle Hom weggelê het in die koue wieg van die klip, laat sy toe dat Johannes haar weglei sonder om om te kyk.

Die boodskap wat die engel haar gebring het, ’n leeftyd tevore, is volbring.
–Wilhelm Knobel- (uit Lazarus, ‘n onvoltooide Bybelse roman)

CeeLo Green sing die immergewilde "Mary Did You Know": https://www.youtube.com/watch?v=1Z-ZfAlrgJs&feature=share

NUUSKRUMMELS: 22 MAART 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Ook te koop by Kerkkantoor:
Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt: R20 per potjie

ALLES is ten bate van die Voedselfeesprojek

Ons wil net weereens dankie sê aan die volgende besighede/individue wat hul advertensies in ons gemeente kalender geplaas het en sodoende dit moontlik gemaak het dat ons dit in kleur kan laat druk:

Ondersteun asseblief hierdie besighede:

	Fred **Blue Crane**	0218533952	info@bluecranefunerals.co.za
	Willie Fourie **Sanlam**	0824681099	admin@arcani.co.za
	Willie Strydom **Sasol**	0798783155	willie.strydom@absamail.co.za
	Karl Gersbach **CHG Engineering**	0836352114	chgeng@telkomsa.net
	Stuart Jackson **HBP**	0828726830	info@hbpconstruction.co.za
	Dr Wimpie Basson **Tandarts**	0836291672	drbasson@iafrica.com
	Edelweiss Hankey **Pam Golding**	0832521964	edelweiss.hankey@pamgolding.co.za

	Conan Doyle **Kwikspar**	0218532095	strandspar@hotmail.com
	Gawie Theron **BP Helderberg**	0218547200	bphelder@mweb.co.za
	Chantel **Flameros**	0218547774	chantell@flameros.co.za
	Floris ter Haar **FTH Accountants**	0827417076	floris@fthacc.co.za
	Heyns de Waal **Gordon's Bay Security**	0836510523	dewaal@gbsec.co.za
	Suzelle Groenewald **Groenewald Ass**	0827425866	info@groenewaldwc.co.za
	Christo v/d Berg **Home & Office Repairs**	0828937913	cvdberg22@gmail.com

	Bokkie Carstens **P4 Bugs Be Gone**	0787760058	bugsbegone1234@gmail.com
	Juane de Jongh **@Beauty**	0726013501	info@atbeauty.co.za
	Nadia de Jongh **Touch of Happiness**	0713996491	nadia@touchoh.co.za

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

☺ Bewese hoogs geskikte en toepaslike toerusting vir veral skole-, gemeenskaps- en uitreikbedieninge wat maklik aanpas by jou bestaande lesmateriaal.

☺ Borgskappe wat jou gratis toerusting en materiaalreekse verskaf vir spesiale gemeenskaps-uitreikprojekte.

☺ Deurlopende ondersteuning by wyse van die internasionale netwerk van ***EVANGELISM EXPLOSION***.

Jy en jou bedieningspan word spesiaal uitgenooi om hierdie werkswinkel by te woon.

Wie word toegerus?
Onderwysers, kategete, ouers en elke persoon wat die bediening van die evangelie aan kinders op die hart dra en in hierdie dinamiese bediening in hul gemeenskap wil belê.

Reëlings en Kostes:
R300 per persoon, materiaal, hulpmiddele en etes ingesluit. Registrasie en getalle nie later as Maandag 16 April 2018 by: Retha 079 884 0908 of retha_vos@yahoo.com. Registrasievorms is ook beskikbaar by Lourensrivier Gemeente se Kerkkantoor (021 853 5991)

Bestellings vir gratis bedieningsmateriaalreekse & hulpmiddele word by die werkwinkel geneem.
Chris Bester: EE SA 082 444 5685 / jxkids@gmail.com

NUUS UIT GEMEENSKAP

VRYWILLIGERS GESOEK OM DIENS AAN SENIORS TE LEWER

Projek Daphne het in 1994 'n tak in Strand gestig en oor die jare bekendheid verwerf vir die diens wat die organisasie aan senior burgers lewer. Dit behels die verskaffing van vervoer aan bejaardes wat nie meer hulle motors kan gebruik nie en **nie** familie in die Strand het **nie**.
Nonnie Briers, Voorsitter, sê die organisasie is werklik desperaat vir vrywilligers wat met die vervoer kan help. As ons nie vrywilligers het nie, kan ons nie hierdie diens lewer aan ons senior burgers nie.
Al wat ons vra is 'n bietjie van die vrywilligers se tyd om hierdie mense te help vervoer op enige werksdag wat hulle pas. Ons wil vrywilligers nie aan enige roetine verbind nie en hulle eie verpligtinge sal altyd voorkeur geniet. Vervoer word verskaf aan seniors wat na hulle geneesheer, tandarts, apteek, biblioteek of haarsalon moet gaan en soms om inkopies te doen.

Belangstellende kan Projek Daphne skakel:
Maandae tot Donderdae tussen 09:00 & 11:00 @ 0843885348
NONNIE BRIERS:VOORSITTER

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux vir gesondheid (kanker)
- Piet Nortje vir gesondheid
- Joël Kriegler vir bestraling
- Makkie Marx & dogter Yvonne vir gesondheid
- Hennie Langenhoven herstel na katarak operasie
- Ons innige meegevoel met Riana van Huyssteen en familie met die heengaan van haar pa

DIE HEER SE GENADE IS ONBESKRYFLIK GROOT!

Ons kleindogter, Anske het die nag van 24 Januarie 2016 baie siek geword. Hulle woon op Uitenhage. Sy is die volgende dag opgeneem in die hospitaal en na die toetse het ons seun gebel en gesê sy is gediagnoseer met Leukemie. Op Dinsdag 26 Januarie op haar 5de verjaarsdag is sy per lug ambulans na die Rooikruis Hospitaal gebring waar sy ongeveer 2 maande was. Na baie bid, smeek, soebat en vra is Anske nou gesond na ongeveer 2 jaar se behandeling in PE. Alle eer aan ons Heer! Hiermee wil ons aan almal wat gedurende die 2 jaar aan ons gedink het, gebid het en belang gestel het baie dankie sê.
Sy is vanjaar skool toe! Hollandse spreuk: "Van die konsert van die lewe het niemand 'n program...."
Weereens baie dankie, Oupa en Ouma Roelof en Sannie le Roux

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 25 MRT SE BOODSKAP: MARK 15:1-47 (SESDE WEEK IN LYDENSTYD & PALMSONDAG)



Ter wille van ALMAL het EEN gesterf... Vir sondaars, nie heiliges...
Voor en met Paasfees praat ons baie oor Jesus se kruisiging en sterwe vir ons ter wille van ons verlossing. **Vraag: Wie is hierdie Jesus?** Dis 'n vraag wat dikwels tydens sy verhoor en selfs toe Hy aan die kruis gehang het, gevra is. Talle mense het Hom as die "Wonderwerker" gesien. Sy grootheid lê nie alleen in die Goddelike krag om wonderwerke te doen nie, maar ook in Sy gewilligheid om tot Sy dood aan die kruis diensbaar te wees. Jesus se lewe het bestaan uit 'n wipplank tussen hierdie twee fasette: wonderwerke en kruisiging – alleen wanneer ons dit begryp, kan ons iets verstaan van die Persoon van Jesus. *Indien jy die volle gedeelte op ons webtuiste wil lees van Ds Willem Botes se opsomming van Markus 15 kan jy op hierdie skakel kliek*: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/inligting/artikels/435-wie-se-jy-is-jesus
Ds Stephan Joubert gesels ook oor hierdie wonderlike teksgedeelte. Kliek op hierdie skakel na videogreep:
http://www.ekerk.org/single-post/2016/10/03/Markus-Bybelskool-Markus-15

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier